Brief 5

Kennisgewing met betrekking tot artikel 22(1): Versoekgeld-aanvraag

Verw.no. : ***Inrigting se briefhoof***

Navrae :

KENNISGEWING VAN BETALING VAN VOORGESKREWE VERSOEKGELD INGEVOLGE ARTIKEL 22(1) VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)

Ek verwys na u versoek om toegang tot rekords van hierdie inrigting gedateer _____ en wat op _____ ontvang is.

Ingevolge die bepalings van artikel 22(1) van bogemelde Wet, moet u die voorgeskrewe versoekgeld betaal voordat u versoek verdere aandag sal kan geniet.

Die **vasgestelde versoekgeld** van R35 moet so gou as moontlik soos volg inbetaal word:

*Persoonlik by die kassier van die inrigting.

*Gepos met ‘n posorder/tjek aan bostaande adres en gemerk vir die aandag van die Inligtingsbeampte.

Reg tot appèl
Ingevolge artikel 22(3) van bogemelde Wet kan u ‘n interne appèl teen die betaling van die voorgeskrewe versoekgeld aanteken.

Indien u teen die betaling van die versoekgeld wil appelleer, sal u ‘n interne appèl, ingevolge die bepalings van artikel 74 van bogemelde Wet, aan die Tersaaklike Owerheid (Hoof: Onderwys, Wes-Kaap Onderwysdepartement) moet rig.

Ingevolge die bepalings van artikel 75 van bogemelde Wet, moet so ‘n interne appèl binne 60 dae op die voorgeskrewe interne appèlvorm (VORM C) by die Inligtingsbeampte van hierdie inrigting afgelewer of aan hom of haar gestuur word.

Adres: Persoonlik afgelewer by : _____
Gepos aan : _____
Faksnommer : _____
E-posadres : _____

Indien u nie tevrede is nie nadat die interne appèlprosedure uitgeput is, kan u deur middel van ‘n aansoek binne 30 dae by die hof om paslike regshulp aansoek doen.

ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE
DATUM:

**Skrap wat nie van toepassing is nie.*